MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

LAASTE MARK IN 2012

Pretoria, 14 September 2012. Die laaste van die Voortrekkermonument se gewilde antiek- en versamelaarsmarkte vir 2012 vind op Erfenisdag, 24 September by die Voortrekkermonument Erfenisterrein plaas op die dak van die groot Amfiteater.

Stalletjies by hierdie markte is uiters gewild en daar ‘n lang waglys vir voornemende uitstallers. Die mark bied ‘n wye verskeidenheid versamelaars- en antieke items te koop aan. Dit sluit in munte, medaljes, porselein, edelgesteentes, juweliersware, kunswerke, boeke, ou plate en poppe, ou speelgoed, radio’s, kameras, wetenskapinstrumente – te veel om te noem.

Die mark is oop vanaf 09:00 tot 15:00. Daar is verversings en ‘n restaurant beskikbaar by die antiekmark, asook ‘n paar heerlike deli-kosse. Veilige parkering is beskikbaar teen slegs R20 toegang per voertuig. Die terrein is veilig en kinders kan hardloop en speel op die piekniekterrein, of aan ‘n begeleide perderit deelneem.

Navrae aangaande die antiekmark kan gerig word aan Geraldine by 012 326 6770 of by bemarking@voortrekkermon.org.za.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za